EU UNIVERSE AWARENESS

# KOSMOS in jou Aktiwiteits-Sakboekie.



Die **HEELAL** is alles wat bestaan: al die planete, sterre, sterrestelsels en al die ander voorwerpe in die ruimte.

'n **STERRESTELSEL** is 'n reuse versameling sterre, wat gas, stof en ander materiaal insluit. Die sterrestelsel waarin ons leef, staan bekend as die Melkweg.

'n **STER** is 'n massiewe bal warm gloeiende gas wat deur swaartekrag bymekaargehou word. Ons naaste ster word die Son genoem.

'n **PLANEET**, soos die Aarde of Jupiter, is 'n groot voorwerp wat om 'n ster wentel. 'n Planeet vervaardig nie sy eie lig nie...





Sekere dinge in die Heelal:



# INSTRUKSIES om *hierdie* BOEK *te* GENIET:

1. *Wees so kreatief as moontlik.*
2. *Wees so verspot soos jy wil.*
3. *Skryf en teken enigiets wat jy wil!*



**KOM LAAT ONS BEGIN!**

**GAAN BUITENTOE.** Wat sien jy?
Skets dit!

Kyk vanaand deur jou venster of jy die Maan kan sien. Sien jy dit?


☐ **JA!** ☐ **NEE...**

As jy dit nie kon sien nie; hoekom nie?

As jy dit nie kon sien nie, probeer aand-na-aand totdat jy die Maan sien en teken dan 'n prentjie daarvan.


Our Solar System at size scale:

Kleur ons Sonnestelsel in!



Sterrekundiges het reeds honderde **PLANETE** ontdek wat nie in ons Sonnestelsel is nie. Dié planete wentel om ander sterre in ons Melkweg.

Dink aan 'n paar **NUWE PLANETE** rondom 'n verafgeleë ster. Watter kleur is die ster? Hoeveel planete wentel om dit? Teken dit!



Verafgeleë ster

Skryf 'n gedig oor jou gunsteling planeet.

titel:





Jy het 'n wonderlike nuwe planeet ontdek. Teken nou 'n prentjie daarvan. Wat is jou planeet se naam? Bly daar enige diere of plante op dié planeet.


'n Wetenskaplike skets van die nuut-ontdekte planeet, genoem: ______________________________

______________________________ (skryf die planeet se naam hier)

# TEKEN 'N STROKIESPRENT VAN JOU REIS NA DIE PLANEET MARS!









**KONSTELLASIES** is prentjies van voorwerpe, diere en mense in die naghemel, gevorm deur die sterre te verbind met denkbeeldige lyne.

Hier is 'n klompie konstellasies. Kyk of jy hulle in die naghemel kan kry!



Hier is 'n skets van 'n paar sterre aan die hemel.

Verbind die kolletjies om 'n paar **KONSTELLASIES** te vorm. Wat is hulle name?



Die **KOSMOS IN JOU AKTIWITEITS-SAKBOEKIE** is 'n produk van:



EU UNIVERSE AWARENESS

Wil jy meer weet? Besoek ons webruimte:

www.eu-unawe.org

Geïnspireer deur die 826 Aktiwiteits-Sakboekie:

www.826national.org

Geïllustreer deur Irene Cecile:

www.irenececile.com

Vertaal deur Willie Koorts



SEVENTH FRAMEWORK PROGRAMME